



TJOKKIE



Uitgawe 9 | 2 | 2020

17 Julie 2020

brokkies!

Uit die kantoor...

Die koue weer van die afgelope week het ons almal so 'n bietjie onkant gevang. Steeds is ek baie trots op ons ouers om hul kinders getrou skooltoe te stuur, ondanks die krisis daarbuite. Die leerders van groep 1 het lekker hard gewerk hierdie week en het ook reeds hul werk ontvang wat volgende week tuis gedoen moet word. Ons sien dan ook uit om Maandag al die leerders van groep 2 te ontvang. Ouers moet weer kennis neem by watter hekke die leerders geskandeer moet word. (sien toegangshekke)

Na aanleiding van my boodskap gister (Donderdag, 16 Julie) rakende die onderwysers wat in selfisolasie is as voorkomingsmaatreël, kry ek heelwat navrae van ouers wat wil weet of hul kinders (**sekondêre risiko**) tuis moet bly as julle as ouers, ons as personeel/familielid/vriend (**primêre risiko**) in nabye kontak was met iemand wat positief getoets het. Dit is egter vir my baie moeilik om 'n direkte antwoord te gee omrede ek nie die omstandighede van die kontak ken nie. Riglyne wat ons van die Departement van Gesondheid ontvang het, is dat persone wat **sekondêre risikogevalle** (SR) is, se kans om die siekte oor te dra, gering is. Mens kan egter nooit seker wees nie. Neem u besluit as **primêre risikogeval** (PR) of dit veilig is om u kind te stuur op grond van die uitslae van die volgende vrae:

- Was die PR persoon in nabye kontak met die positiewe persoon?
- Was die PR persoon vir langer as 5 minute in die positiewe persoon se teenwoordigheid?
- Het die PR persoon 'n masker gedra toe u in kontak was met die positiewe persoon?
- Was PR nader as 1,5m van daardie persoon?
- Het die positiewe persoon ook 'n masker gedra?
- Wanneer was die PR in kontak met die positiewe persoon? (datum)
- Waar vermoed u het hierdie kontak plaasgevind?
- Hoe lank was die PR persoon in kontak met die SP persoon?

U moet dus self oordeel uit die antwoorde van bg. vrae of dit wys sal wees om u kind skooltoe te stuur. As u enigsins twyfel en onseker is, is dit beter om u kind tuis te hou vir 14 dae en uself en u kind se simptome dop te hou en te toets vir duidelikheid. Wag asb. 5-8 dae voordat u gaan vir 'n toets. Lig asb. die skool in oor die uitkoms van die toets en u besluit.

Met bg. as agtergrond sal die volgende mansonderwysers wel volgende week by die skool wees: Mnr. Stefan Smit, Mnr. Nicolaas Slabbert, Mnr. Jannie Oosthuizen, Mnr. Simon Nieuwoudt asook

Baie dankie aan ons anker berge! Ondersteun hulle asseblief.



al die damespersoneel.

Klasse sal egter soos normaal voortgaan met hierdie personeel en 'n effens aangepaste rooster vir die volgende tydjie.

Sosiale distansiëring

Soos u reeds teen hierdie tyd weet, open die hekke van die skool daaglik om 7:00. Dit is om die personeel aan diens die geleentheid te gee om die onderskeie skandeerstasies gereed te kry. Sommige ouers kom laai hul kinders reeds voor 7:00 af by die skool waar daar dan nie toesig is nie. Kommunikeer asb. met u kind om steeds getrou hul maskers te dra en sosiale afstand te behou ook in hierdie tyd. Die skool kan nie verantwoordelik gehou word vir leerders wat mekaar aansteek onder hierdie omstandighede nie, aangesien dit buite die amptelike skoolure is en ook nie op die skoolterrein plaasvind nie. Help ons asb. hiermee.

Leerlingverjaarsdae

Dis vir 'n kind baie lekker om te verjaar en om ook hul klasmaats te bederf met lekkernye op hul verjaarsdag. Ons vra dat ouers asb. nie koeke en kolwyntjies sal skooltoe stuur nie. U is egter baie welkom om enige vorm van geseelde lekkernye soos skyfies, springmielies, lekkergoed en koeldrank saam te stuur.

Toegangshekke (herhaal)

- Pre-Primêre Skool - klein hekkie: Slegs Gr. R
- Primêre Skool - hek 1: Gr. 1; 2; en 7
- Primêre Skool - hek 4: Gr. 3; 4; 5 en 6

Ouers is welkom om na skool hul kinders by enige van die twee hekke te kom afhaal. Ouers word ook herinner om daaglik die vraelys op u kind se skanderingspaspoort te voltooi en daarby te teken. Indien dit nie voltooi is nie, kan die kind nie toegang tot die skool verkry nie.

- **Geen ouers word toegelaat** om soggens hul kinders te vergesel na hul klasse nie.
- **Geen ouers word toegelaat** om in die middag vir hul kinders by die klasse te wag nie. Ouers kan hul kinders by die onderskeie hekke afhaal.

Middagstudie (herhaal)

Middagstudie-fasiliteite is weer beskikbaar vir die ouers wat daarvan wil gebruik maak. Ouers het reeds 'n skrywe ontvang met die aangepaste reëlins.

Verjaarsdae:

23 Julie: Juf. Joans Bezuidenhout (Gr. 2)

Klas-en-individuele foto's

Ons neem kennis dat daar nog foto's uitstaande is. As u dalk foto's kort, wat reeds betaal is en u het die "image"-nommer, stuur dit asb. na mnr. Ryno Eckard by:

ryno@tjokkies.co.za

Die foto's wat oor geneem moet word, of waar u nie 'n "image"-nommer van het nie, sal in die somermaande geneem word sodat die kleredrag ooreenstem. Hopenlik is die grendeltydperk verby. Die datum sal aan u gekommunikeer word. Baie dankie vir u begrip en samewerking.

"SHIELDS" - GESIGSKERMS

Die grondslagfase se personeel het vir ouers die geleentheid gegee om van hierdie maskers deur die skool te bestel. Daar is egter nou ouers wie vir ouer boeties en sussies ook bestel het deur

die grondslagfase-kanaal. Ons kry nou verskeie versoeke deur seniorfase leerderouers om ook van hierdie maskers aan te koop. Indien u belangstel:

- E-pos bewys van EFT-betaling (R40.00 per skerm) na bemarker@tjokkies.co.za.
- Op die betalingsbewys moet die volgende verskyn:
 - **Kind naam, van, graad en skerm**
- Baie belangrik: indien die e-pos nie **Vrydag, 24 Julie, om 12:00** ontvang is nie, kan ons nie meer skerms bestel nie. Geen laat bestellings of betalings kan aanvaar word nie. Hierna sal ouers ongelukkig self by verskeie ander verskaffers gesigskerms moet aanskaf.

SNUFFELS

Stewige shields te koop (Soos die wat die grondslagfase kinders gebruik) @R50 vir volwassenes en R40 vir kinders. Whatsapp Blanche by 0725052247. Bestellings vir hierdie week sluit Vrydag 5 uur.

VAKATURE (herhaal)

TYDELIKE BEHEERLIGGAAMPOS

Tjokkies beskik tans oor die volgende tydelike Beheertiggaampos.

Graad 6 - Engels

Tydperk - 12 Augustus 2020 tot 15 Desember 2020 (met die moontlikheid van verlenging)

Posvereiste:

- Erkende onderwys-kwalifikasie.
- Geregistreer by die SAOR (SA Onderwysraad).
- Innoverende persoon met kennis van tegnologie en die gebruik daarvan in die klaskamer.
- Ervaring in die aanbied van Engels in die Intermediêre- en Seniorfase.
- Veelsydige persoon met toegewyde buitemuurse ingesteldheid waar afrigting van rugby en krieket 'n sterk aanbeveling sal wees.
- Diensaanvaarding, 12 Augustus 2020.

Ter inligting:

- 'n Markverwante salaris word aangebied.
- Epos 'n volledige CV met kwalifikasies, dienservaring en sport- en kultuur- kwalifikasies na office@tjokkies.co.za
- Sluitingsdatum is verleng tot Donderdag, 23 Julie 2020 om 13:00
- Indien jy geen terugvoering teen 31 Julie ontvang het nie, aanvaar dat die aansoek onsuksesvol was.
- Vir navrae skakel die skoolhoof by 051-5221371 of E-pos: office@tjokkies.co.za.